DEEL 118 | WEEK 16 | 17 APRIL 2026 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Plaasinbreker glip deur vingers ná arrestasie - woede kook onder boere

’n Poging tot plaasinbraak in die vroeë oggendure van Vrydag 10 April het ’n ontstellende wending geneem toe ’n verdagte, wat deur boere vasgetrek en aan die polisie oorhandig is, later uit aanhouding ontsnap het.

Die voorval het op mnr. Gideon Malherbe se plaas in die Vegkop omgewing afgespeel. Volgens inligting was daar drie verdagtes wat toegang tot die erf verkry en die motorhuisdeur oopgebreek het. Die alarm is egter geaktiveer, waarna boere uit die omgewing vinnig gereageer en op die toneel toegeslaan het.

Een van die verdagtes is op die plaas vasgetrek en aan die polisie oorhandig. Kort daarna het dinge egter skeefgeloop toe die man daarin slaag om uit polisie-aanhouding te ontsnap.

Boere in die omgewing is woedend en bekommerd. “Dit kon baie erger gewees het en met bewyse wat Maandag gevind is, is daar 'n sterk vermoede dat hierdie kon lei tot 'n plaasaanval – en nou loop hy weer vry rond,” is die gevoel onder die boere.

Daar is ook groot frustrasie oor wat as gebrekkige optrede beskou word. Boere sê hulle tree vinnig en doeltreffend op, maar sien dan hoe sake uitmekaar val wanneer verdagtes in aanhouding is.

Heilbron se stasiebevelvoerder, mnr. Mokgethi, kon teen druktyd geen verdere inligting verskaf nie, maar het bevestig dat die saak tans ondersoek word. Heilbron plaaswag het besware ingedien by verskeie organisasies soos Vrystaat landbou unie en TLU-Vrystaat.

Die voorval laat ernstige vrae oor veiligheid en wetstoepassing in die gebied, terwyl gemeenskapslede toenemend onseker voel oor hul eie beskerming.

SHORT TERM TRUST MAKELAARS
VERWELKOM GRAAG
RIAAN PRETORIUS
BY DIE HEILBRON-TAK

Kontak hom gerus vir u korttermynversekerings-behoeftes:

- Oesversekering
- Agri versekering
- Besigheidsversekering
- Motorversekering
- Reisversekering
- Persoonlike versekering



SHORT TERM TRUST
BROKERS - MAKELAARS
SEDERT 2011

Vir 'n GRATIS KWOTASIE kontak:
Riaan Pretorius: 066 228 8823
Kantoor: 058 853 0071
riaan@stbrokers.co.za

Authorised Financial Services Provider 43364

BKB
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491



Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!

NOVON PROTECTA
JCB
HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen - 082 779 3417 | Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes! | Eben Claassen - 072 581 7627

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *ENGO Sorgverlaterskamp te Bloemfontein*

• *Elmarie Els-Hammann*

Die Engo Sorgverlaterskamp, wat van 27 Maart tot 6 April in Bloemfontein plaasgevind het, speel 'n belangrike rol om jongmense voor te berei vir 'n lewe buite die sorgstelsel. Die kamp is daarop gemik om sorgverlaters toe te rus met die nodige emosionele, praktiese en lewensvaardighede om onafhanklik te funksioneer, en sluit ook 'n vier dae lange werkplekplasing in waar deelnemers ervaring opdoen in velde wat by hul belangstellings aansluit.

Een van Ringerstraat Jeugsorgsentrum se kinders het die kamp bygewoon en waardevolle blootstelling en ontwikkeling ervaar. Die program fokus op kernvaardighede soos finansiële bestuur, begroting, werksetiek, emosionele ontwikkeling, verhoudingsbou, positiewe besluitneming en die opstel van 'n CV. Deelnemers word ook aangemoedig om hul waardes, doelwitte en verwagtinge oor die toekoms te ondersoek.

'n Belangrike aspek van die kamp is die emosionele ondersteuning wat gebied word. Jongmense deel die ervaring saam met ander wat dieselfde oorgang beleef, terwyl maatskaplike werkers deurentyd beskikbaar is om ondersteuning te bied en uitdagende emosies te hanteer. Hierdie veilige ruimte help deelnemers om selfvertroue te bou en hul eie vermoëns beter te verstaan.

Die kamp vul 'n belangrike gaping wat soms in sorgsentrums bestaan, waar individuele voorbereiding vir sorgverlaters nie altyd moontlik is nie weens ander dringende behoeftes. Deur gefokusde aandag oor tien dae te gee, kry jongmense die geleentheid om deeglik voorberei te word vir die volgende fase van hul lewe.

Die sukses van die program word weerspieël in voormalige deelnemers soos Thabiso, wat 'n loopbaan in die gasvryheidsbedryf gevolg het; Marinda, wat steeds in die haarkapperbedryf werk; en Mokhele, wat 'n kwalifikasie in sekuriteit verwerf het en nou in dié veld werksaam is. Hierdie verhale wys hoe blootstelling en begeleiding tydens die kamp kan lei tot volhoubare geleenthede.


Die program se sukses berus ook op die samewerking van maatskaplike werkers, mentors en vennootorganisasies wat help om werkplekgeleenthede en begeleiding te bied. Na afloop van die kamp ontvang maatskaplike werkers terugvoer oor elke deelnemer, sodat verdere ondersteuning en ontwikkelingsgeleenthede geïdentifiseer kan word.





'n Verdere punt van trots is dat mev. Elmarie Els-Hammann as kampbestuurder opgetree het—'n prestasie waarop Ringerstraat Jeugsorgsentrum besonder trots is.

Ten spyte van die kamp se groot impak, is dit afhanklik van borgskappe en ondersteuning om voort te bestaan. Die inisiatief beklemtoon die belangrikheid daarvan dat gemeenskappe betrokke raak en jongmense ondersteun wat die sorgstelsel verlaat, sodat hulle met selfvertroue en hoop hul toekoms kan aanpak.



# Reitz Hengelklub Nuus

Op Saterdag, 11 April het Reitz Hengelklub 'n kompetisie gehengel by Arrie Muller se dam vanaf 08:00 tot 17:00 en 16 hengelaars het deelgeneem.

Thys Labuschagne het die grootste volskubkarp van 4,090 kg gevang.
Marx Roodt het die grootste gewone karp van 0,391 kg gevang.
Lilo Uitenweerde het die grootste Baber van 0,600 kg gevang.
Bertus du Preez het die swaarste sak vis van 14,380 kg gevang.



*Op die foto regs: Thys Labuschagne*

# UIT DIE PEN: Week 16



Ek weet nie wanneer ek dit die eerste keer gedoen het nie. Dalk was ek daartoe gedwing? As kinders doen jy tog maar goed wat jou ouers vir jou aansê om te doen. Of jy doen dit juis nie omdat jou ouers jou aansê om dit te doen. Hang af.

Ek weet nie hoe ek geleer is om dit te doen nie. Ek kan onthou dat Liesbet Tsoene, die goeie vrou wat my ma een keer per week in die huis gehelp het, dit altyd gedoen het. Presies waar en wanneer ek die taak oorgeneem het, kan ek nie onthou nie.

Liesbet het 'n stryktafel gehad. Dié het twee dik komberse opgehad en dan 'n spierwit laken. Wanneer Liesbet gestryk het, was ek maar skrikkerig. Ek kan onthou dat sy my eendag, per ongeluk, met 'n strykyster teen die arm gebrand het. Ons het mekaar nie gesien nie, en met die omdraai kry ek 'n permanente merk bokant my elmboog. Sy het vreeslik sleg daaroor gevoel maar dit was nie aspris nie. Vir my was dit net nog 'n eina om tot my alewig stukkende knieë te voeg.

Dit moes dus seker in graad 6 of daarrond gewees het toe ek die eerste keer 'n strykyster opgetel het. Toe wou ek 'n verkenningstog uitvoer en het nie gewis dat hierdie die begin van 'n lewenslange stryd teen stryk was nie.

Ek kan onthou dat ek drie egte katoenhemde vir skool gehad het. Spierwit. Dik katoen. My gryse ma het gepraat van "bokseil" en ek verstaan hoekom.

Ek het dan die strykplank voor die TV staangemaak. Eers het ek die hemde natgespat. Dan word dit in 'n klein bondeltjie gerol. Die ander items wat ook natgespat moes word, is styf teen daardie ene gepak.

Hierna het ek die stykyster aangesit. My gryse ma was nogal erg oor haar strykyster. Daar was net sekere water wat in die strykyster gegooi moes word. En daarna moes dit mooi gebêre word.

Ek is eintlik linkshandig, maar wat sekere take aanbetref, kan ek met altwee hande werk. Ek stel gewoonlik die strykplant so op dat die strykyster aan my linkerkant staan. Ek stryk dan die linkerkantste gekreukelde dele en daarna vat ek die strykyster met my regterhand en stryk die regterkantste dele. Party mense sal redeneer dat ek nie my middelpuntkruisingmylpale gehaal het nie, maar ek doen dit bloot omdat ek die kreukels makliker kan uit kry.

Daaarna word die gestrykte klere netjies opgevou of opgehang. Dis hier waar ek die streep trek: ek pak niemand se klere weg nie, slegs my eie. En elke keer wanneer ek die beddegoed stryk, wonder ek waarom? As die beddegoed stryf oor die bed gestrek word, sal die kreukels mos vanself uitkom, dink ek. Op hierdie noot: ek het 'n tannie geken wat onderklere ook gestryk het. Nee, so maklik vang jy my nie in daardie wip nie.

En so het stryk een van my weeklikse struggles geword.

Die ander dag sien ek die alombekende Anita Lloyd, deel van die huisvroue van Pretoria wat so twee jaar gelede golfies op die TV gemaak het. Anita noem dat sy haar hele huis self skoonmaak, maar sy trek die streep by stryk. Sy stuur die klere na die *laundromat* toe en dit kom gestryk terug. *Mirakel, mirakel*.

Hoe wéns ek dat dit ek was. Die stryd teen die strykplank sal vir ewig met my bly. Ek het selfs 'n kleiner strykplankie net vir moue, maar ek het geen idee hoe dit werk nie.

Elke week stel ek die strykplank voor die TV op, en stryk die week se klere. Soos wat dit my gewoonte van kleintyd was.

Die ander dag sê ek vir my goeie man dat ons dae van klere dra nou finaal verby is, want ek is nou siek en sat vir klere stryk. Of dit, of ons dra van nou af klere van crimplene wat nie kreukel nie. En natuurlik vir ewig sal hou. Maar omdat ons nog nie klere van cimplene het nie, het ons net een opsie: om kaal te loop.

My goeie man het nie dadelik geantwoord nie. Toe ek later daaroor dink, vind ek in my eie brein twee redes waarom ek nie kan kaal loop nie.

Eerstens het ek so baie ongestrykte dele wat die hele wêreld vol gaan hop, wip en vibreer dat ek dink dat dit nie so goeie gesig sal wees nie. Ek dink dit sal mense se oë seermaak.

Tweedens dra ek bril, en ek sal nooit 'n mou of 'n stuk klere in die hande kon kry om gou my bril skoon te maak nie.

Ek maak die opmerking teenwoord 'n groep met wie ek saamwerk. Die groep giggel effens verleë toe ek praat van die ongestrykte dele aan my lyf. (Net ek sal so iets kwytraak, dink ek).

Corra het so oomblik daaroor nagedink en toe gesê dat hy wesentlik geen probleem het met kaal loop nie, maar kan hy dan asseblief 'n vergunning kry om sokkies te dra? Hy gee nie om om die res van sy liggaam sonder bedekking te laat rondloop nie.

Maar hoekom sokkies, wonder ek?

Maklik, sê Corra. Hy vee altyd sy vuil vingers aan sy sokkies af. Hy wil nou nie sy eie lyf bevark deur elke keer sy vuil hande aan sy maag of sy boude af te stof nie.

Ek het lekker gelag vir ons lawwigheid. Dan is dit nou so: as ek die dag soveel geld het soos Anita Lloyd (haar man was die grootbaas van KWV) sal ek strykwerk vaarwel roep.

Maar wat ek hierdie week geleer het is dat daar nog geen vooruitsig is om kaalgat rond te stap nie, ook nie om die strykwerk te systap nie.

# Is dit moontlik om te veel te slaap?

• *Nicolene Weilbach, Dietician*
*Tokollo Mafube District*
*Hospital Complex*

Ons almal het die waarskuwings gehoor oor wat gebeur as ons nie genoeg slaap kry nie. Vir jare lank beklemtoon openbare gesondheidsboodskappe dat te min slaap ons risiko vir gewigstoename en tipe 2-diabetes verhoog. Maar wat van die ander kant van die spektrum (Tan et al., 2018)?

'n Onlangse wetenskaplike oorsig wat in Sleep Medicine Reviews gepubliseer is (Tan et al., 2018) ondersoek 'n vraag wat dikwels misgekyk word: Kan te veel slaap ook ons metaboliese gesondheid benadeel?

Die antwoord, volgens navorsers van die Universiteit van Uppsala in Swede, is verrassend "ja" – en die verband blyk baie meer kompleks te wees as wat meeste van ons besef (Tan et al., 2018)

Hierdie oorsig studie begin deur te bevestig dat die normale volwassene tussen 6-9 ure se slaap op 'n gemiddeld te beoefen per aand. Byna die helfte van alle volwassenes slaap óf te min (minder as ses uur) óf te veel (nege uur of meer). Terwyl kort slaap al vir dekades lank baie aandag van navorsers ontvang het, is lang slaap grootliks geïgnoreer – ten spyte van bewyse dat dit merkwaardig soortgelyke risiko's inhou(Tan et al., 2018)

**Oorweeg hierdie bevindinge:** In 'n Sweedse studie wat byna 5,000 vroue oor tien jaar gevolg het, het diegene wat nege uur of meer geslaap het, vetsugsyfers van 38% getoon – dramaties hoër as die 9% wat by normale slapers gesien is. 'n Ander meta-analise van byna 'n halfmiljoen volwassenes het bevind dat vir elke ekstra uur slaap bo agt uur, die risiko om tipe 2-diabetes te ontwikkel met 14% toegeneem het(Tan et al., 2018).

**Hoekom Sou Lang Slaap Problematies Wees?**

Die Sweedse navorsingspan het verskeie meganismes voorgestel wat oormatige slaap met swak metaboliese gesondheid verbind:

1. Swak slaapkwaliteit kan as lang slaap vermom word (Tan et al., 2018)

Mense met slaapapnee of slapeloosheid spandeer dikwels meer tyd in die bed om te kompenseer vir onderbroke, nie-herstellende slaap. Hierdie swak gehalte slaap – veral die verlies aan diep, herstellende stadige-golf slaap – kan die liggaam se vermoë om bloedsuiker te reguleer benadeel.

2. Sedentêre gedrag gaan met lang slaap gepaard (Tan et al., 2018).

Bevolkingstudies toon dat langdurige slapers meer van hul wakker ure sittend deurbring en minder aan fisiese aktiwiteit deelneem. 'n Gebrek aan oefening beïnvloed direk die liggaam se sensitiwiteit vir insulien en die vermoë om glukose te verwerk, wat die weg baan vir metaboliese siektes.

3. Dieetpatrone verskil (Tan et al., 2018)

Data van die Nasionale Gesondheid- en Voedingondersoek (NHANES) (Shisana et al., 2013) toon dat langslapers minder dieetvesel inneem en 'n groter persentasie van hul daaglikse kalorieë uit peuselhappies kry, eerder as gebalanseerde maaltye. Sommige studies verbind lang slaap ook met hoër alkoholverbruik, wat slaapapnee en swak bloedsuikerbeheer kan vererger (Tan et al., 2018).

**'n Hoender-en-Eier Probleem**

Hier word dit veral interessant: Die verhouding kan tweerigting wees.

Vetsug en tipe 2-diabetes verhoog die risiko vir depressie, hipertensie en chroniese inflammasie – almal toestande wat met lang slaapduur geassosieer word. Met ander woorde, metaboliese siekte kan veroorsaak dat mense langer slaap, nie andersom nie. Sommige navorsers spekuleer dat verlengde slaap die liggaam se poging kan wees om metaboliese stres te hanteer (Tan et al., 2018).

**Wat Beteken Dit Vir Jou?**

As jy konsekwent nege uur of meer slaap en wonder of jy moet bekommerd wees, oorweeg hierdie vrae:

1. Is jou slaap herstellend? Lang tyd in die bed beteken nie altyd kwaliteit slaap nie. As jy moeg wakker word, hard snork, of iemand gesê het jy hou snags op asemhaal, praat met jou gesondheidsorgverskaffer oor 'n moontlike slaapapnee-evaluasie (Tan et al., 2018).

2. Hoe bestee jy jou wakker ure? Langslapers is geneig om meer sittend te wees. As jy langer in die bed is, wat gebeur wanneer jy wakker is? Prioritiseer fisiese aktiwiteit – selfs om lang periodes van sit met kort stappies te breek – kan metaboliese gesondheid aansienlik verbeter (Tan et al., 2018).

3. Hoe lyk jou eetpatroon? Peusel jy oormatig? Eet jy die meeste van jou kalorieë laat in die dag? Gereelde, gebalanseerde maaltye met voldoende vesel ondersteun beide metaboliese gesondheid en slaapkwaliteit (Tan et al., 2018).

4. Kan 'n onderliggende toestand 'n rol speel? Depressie, chroniese pyn en ander gesondheidskwessies kan slaapbehoeftes verhoog. Dit is noodsaaklik om die oorsaak aan te spreek (Tan et al., 2018).

Slaap is fundamenteel vir gesondheid – nie te min en nie te veel nie blyk optimaal te wees vir die meeste volwassenes. Die ideale hoeveelheid? Ses tot nege uur van kwaliteit slaap per dag vir volwassenes, volgens huidige riglyne (Tan et al., 2018).

As jy 'n langslaper is en bekommerd voel, onthou dit: die verhouding tussen slaap en metaboliese gesondheid is kompleks en individueel. In plaas daarvan om 'n wekker te stel om jou slaap kunsmatig te verkort, fokus op slaapkwaliteit, aktiwiteit gedurende die dag, en voedingspatrone. En as jy kommer het oor jou metaboliese gesondheid of slaapgewoontes, raadpleeg jou gesondheidsorgverskaffer of 'n geregistreerde dieetkundige wat jou kan help om 'n persoonlike benadering te ontwikkel.

Goeie gesondheid gaan immers nie net oor hoe lank ons slaap nie – dit gaan oor hoe goed ons ons wakker ure leef.




# Hoërskool Heilbron lewer wêreldklas talent

'n Golf van trots spoel tans oor Hoërskool Heilbron nadat vier van sy leerders internasionale erkenning ontvang het – 'n prestasie wat die klein dorpie se naam ver buite Suid-Afrika se grense laat weerklink.


Wat hierdie prestasie nóg merkwaardiger maak, is dat die leerders tydens hul vakansietoere deur professionele netbal- en rugbyafrigters raakgesien is – en daarna uitgenooi is om hul talent op internasionale verhoog te gaan wys.

Chenel Els, 'n sleutelspeler in die skool se eerste netbalspan, is tydens haar toer na Bela-Bela gekies vir die gesogte Jens UK-toer na Engeland. Sy het teen top streekspanne van Gauteng en Mpumalanga meegeding, en uit 'n massiewe groep van 450 spelers is slegs 25 gekies – met Els onder dié elite groep.

Op die rugbyveld het Hoërskool Heilbron se O/15-spelers ewe indrukwekkend presteer. Heinrich Lange, Rey Lee Fisher en Termaim Leeuw is tydens hul toer in Vrede raakgesien en uitgenooi om vir tien dae in Italië te gaan toer. Daar sal hulle teen sterk internasionale opposisie te staan kom en waardevolle ervaring opdoen.


Hoewel die finansiële eise van sulke toere groot is, staan die skoolgemeenskap bankvas agter hul jong sterre. Die prestasies van hierdie leerders dien as inspirasie vir baie en bewys dat wêreldklas talent nie net uit groot skole kom nie.

Hoërskool Heilbron bewys weer eens: Groot drome word ook in klein dorpe gebore – en soms vat dit jou reg oor die wêreld.



*Chenel Els*


*Rey Lee Fisher*


*Termaim Leeuw*


*Heinrich Lange*

## Troukoors



Gert en Ané Matthee is getroud op die 11de April 2026 te Verkykerskop.

Gert is die seun van Sarina en wyle Abie Matthee van Heilbron. Ané is die dogter van Jan-Harm en Maddie van der Merwe van Harrismith.

Die egpaar begin nou hul nuwe hoofstuk saam in Reitz, waar albei by VKB hoofkantoor werk.






# KENNISGEWINGS

## AUCTION / VEILING

Case No. 16/2025
In the Magistrate's Court for the District of Fezile Dabi Held at Petrus Steyn
In the matter between :
**KOTZERUS EIENDOMS BEPERK**
*Execution Creditor*
and
**IZAK DANIEL BOSMAN**
**Identity Number 761208 5170 08 7**
*Execution Debtor*

### NOTICE OF SALE IN EXECUTION (AUCTION / VEILING)

1. KINDLY TAKE NOTICE THAT in terms of a Judgment granted on 11th day of November 2025 in the PETRUS STEYN Magistrate's Court and a Warrant of Execution issued thereafter, a Sale in Execution of the under mentioned goods will be held. The particulars of the sale / auction are as follows:
1.1 DATE: 12 May 2026
1.2 TIME: 15:00
1.3 PLACE: Magistrates Court, Reitz Street 19, Mamafubedu, Petrus Steyn
2. In terms of Regulation 20 (3) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the offices of the undermentioned Attorneys and the Sheriff.
3. This Notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20 (2) (b) of the Consumer Protection Act 68 van 2008, and access to the latter Regulations can be obtained on URL at URL: http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961
4. Prospective buyers are required to register before commencement of the auction.
5. FICA – legislation in respect of proof of identity and address particulars.
6. A registration fee of  is payable before commencement of the auction.
7. The office of the Sheriff of PETRUS STEYN will conduct the sale with auctioneers WF MINNIE
8. Method of payment: cash, bank gauranteed cheque or electronic transfer, subject to acceptable proof of payment.
9. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.

**DESCRIPTION OF GOODS OR PROPERTY**
**1 X CREAM TOYOTA LAND CRUISER, REGISTRATION NUMBER DRR575FS**
**1 X JOHN DEERE 4 WHEEL GRASS CUTTER**
Dated at Heilbron on 2 April 2026
**R SCHUTTE**
**EXECUTION CREDITOR'S ATTORNEYS**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**TEL NO.: (058) 85 22035**
**E-MAIL: litigasie@corven.co.za**
**Ref: KOT17/0005**
**SHERIFF OF THE COURT**

---

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T22515/1999** geregistreer in die naam van **PETRUS JACOBUS FRANCOIS DE VILLIERS, Identiteitsnommer 750305 5254 08 6,** Ongetroud ten aansien van sekere **GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS DRIEFONTEIN 1152, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERS STRAAT,**
**REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**

---

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T6640/1992** geregistreer in die naam van **NICOLAAS JOHANNES DE VILLIERS, Identiteitsnommer 750305 5254 00 3,** Minderjarige
ten aansien van sekere
**1. PLAAS MARATHON 460, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT**
**2. RESTANT VAN DIE PLAAS SLAAP KRANS 132, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT;**
wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERS STRAAT,**
**REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**

---

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T6639/1992** geregistreer in die naam van **PETRUS JACOBUS FRANCOIS DE VILLIERS, Identiteitsnommer 750305 5254 00 3,** Minderjarige
ten aansien van sekere
**1. RESTERENDE GEDEELTE PLAAS M.T. STEYN 559, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT;**
**2. ONDERVERDELING 2 (WESSELSNEK) VAN DIE PLAAS M.T. STEYN 559, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT;**
**3. DIE PLAAS GROOTKLIP 234, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT;**
wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERS STRAAT, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**

---


Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Herald Office National



## FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National






## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**



POSTNET HEILBRON

## BESIGHEIDSURE

MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30
SATERDAE: 09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006



STROOP VAN SOJAS





PAUL KEOGH
071 363 4129



BOOMERANG SKOOLTASSE NOG BESKIKBAAR BY





Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033



POSTNET HEILBRON

COLLECTION & DELIVERY
Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY
R150 per parcel
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK






BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078


# SMALLS

# DIENSTE


## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HERALD Sport


**WINKELURE**

Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00

Vrydae: 07:30 - 16:30

Saterdae: 08:30 - 13:00

Herald Office National

Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za


## Suksesvolle gholfdag vir AP Kerk Heilbron

Die AP Kerk Heilbron het verlede Saterdag 'n besonder suksesvolle golfdag aangebied ter ondersteuning van die kerk se fondse. Altesaam 59 spelers het aan die dag deelgeneem, wat dit 'n goed bygewoonde en gesellige geleentheid gemaak het.

Deelnemers kon meeding om uitstekende pryse, insluitend karkasse en ander waardevolle items. Volgens spelers en besoekers was die baan in 'n uitstekende toestand, wat bygedra het tot 'n aangename en mededingende dag op die groen.

**Die wenners van die dag was soos volg:**
**Gholfer-afdeling:**
1ste plek: Eben Blignaut en Martin Jacobs
2de plek: Thys Rampai en Thulani Malgas
3de plek: Rikus van Rooyen en Niklaas van der Walt
**Nie-gholfer-afdeling:**
1ste plek: Herman Bam en RJ Muller
**Spesiale pryse:**
Langste dryf: Johan van Rooyen (putjie 2) en RJ Muller (putjie 9/18)
Naaste aan die pen: Martin Enslin (putjie 4) en Johan van Rooyen (putjie 15)

Die dag is geloof vir sy uitstekende organisasie en vriendelike atmosfeer. Daar was 'n goeie gees van samehorigheid, met besoekers van verskeie plekke wat saam gekuier en die dag geniet het.

Die AP Kerk Heilbron spreek hul dank uit teenoor almal wat deelgeneem en bygedra het tot die sukses van die geleentheid.



*Op die foto vl: Ds Willem van Schalkwyk, Herman Bam en RJ Muller.*



*Op die foto: Eben Blignaut, Ds Willem van Schalkwyk en Martin Jacobs.*

## Vrystaatjagters en Wildbewaringsvereniging

### Riemland Tak - Opeskietdag

Saterdag, 11 April 2026 het Vrystaatjagters- en Wildsbewaring Vereniging hulle ope skietdag gehou. Die wenners in die verskillende kategorie was as volg:

**HANDWAPEN**
3de plek: Chris Volschenk
2de plek: Mike Mouton
1ste plek: André Kampman

**HAELGEWEER**
3de plek: Chris Volschenk
2de plek: Japie Steyn
1ste plek: Corjan Roos

**.22**
3de plek: Adel Kampman
2de plek: André Kampman
1 ste plek: Neels Claasen

**JAGGEWEER**
3de plek: Carin Keogh
2de plek: Paul Keogh
1 ste plek: André Kampman

Algehele wenner was soos afgelei kan word André Kampman.



*die foto vl: Japie Steyn, Corjan Roos, Paul Keogh, Carin Keogh, Adel en André Kampman.*


BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
082 552 9261 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG -20 APRIL 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
GILEAD Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

DINSDAG - 21 APRIL 2026
STANDERTON Aanlyn veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
ANYSSPRUIT Kwartaallikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

WOENSDAG - 22 APRIL 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
ROODEDRAAI Maandelikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
BURGERSFORT Maandelikse veiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500

DONDERDAG - 23 APRIL 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VRYDAG - 24 APRIL 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za



Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44, Heilbron



Vir die stroop van Mielies en Sojas





Koos Engelbrecht
082 388 2277



VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING